# 9 Februarie 2024 - Lesing 233 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die aanstaande natuurgebeure – 5/11/61

**NO: 8033** Reeds binne afsienbare tyd sal julle die waarheid ondervind van My woord, **want Ek sal spreek deur die kragte van die natuur** soos wat Ek dit gedurig verkondig het.

My stem sal julle dan nie kan ontgaan nie, want Sy sal geweldig weerklink en sal die hele wêreld in beroering bring. En die gebeure sal, ofskoon plaaslik begrens, **van so 'n geweldige omvang wees** dat dit almal sal ontstel, selfs as dit hom later te wete kom.

Want in die begin sal die landstreke wat daardeur getref gaan word, **geheel afgesny wees van die buitewêreld**. 'n Onheilspellende stilte sal oor die gebied van die katastrofe lê, omdat alle verbindings na buite verbreek sal wees totdat die eerste ontsteltenis verbygegaan het. Eers dan sal die res van die wêreld verneem dat daar iets verskriklik gebeur het, wat hulle egter niks van geweet het nie.

Maar die mensdom moet deur My so skerp aangespreek word, **omdat hulle hulleself doof hou vir My sagte aanspreking**. Die mense glo nie in My woord wat hulle van bo af toekom en wat hulle deur My bodes verkondig word nie.

Daarom moet Ek Myself so uiter dat My Stem niemand sal kan ontgaan nie en **Ek moet dus oor die mense 'n oordeel laat kom** waaraan baie mense ten offer sal val. Maar hulle sal desondanks My Liefde en genade ervaar weens hul vroegtydig beëindigde lewe. Julle moet dus die waarheid van My Woord insien en julle wil nou aktief laat word, want julle wil sal ook na hierdie katastrofe vry kan beslis, omdat Ek hom nie dwing om homself tot My te keer nie.

Maar die ontsettende natuurgebeure **kan daartoe bydra dat nog baie mense My vind**, omdat die nood so groot sal wees dat van geen enkele kant redding te verwag is nie. Wat egter onmoontlik lyk, is tog by My moontlik. En as die mens daaraan dink en tot My roep **in gees en waarheid**, dan sal hy ook wonderbaarlike hulp ervaar. Want Ek sal My aan hom so **duidelik openbaar** dat hy die mag en ook die liefde sal insien van sy God en Skepper en homself dan wend tot My in diepe geloof en ootmoedige oorgawe.

En niks laat Ek onbeproef wat nog siele kan terugbring na My nie, ofskoon Ek weet hoe moeilik hulle te wen is. Juis daarom moet Ek sulke ongewone reddingsmiddele gebruik wat vir julle mense gruwelik blyk, maar van My kant bekyk, **dade van liefde is**.

Want Ek wil hierdie siele waarvan alleen Ek die omstandighede ken, ook nog red. Ek wil hulle nie in die hande laat val van My teenstander nie, **wat vir hulle 'n veel erger lot wil berei as wat die grootste aardse leed ooit kan wees.**

Julle mense moet glo dat steeds My Liefde aanleiding is vir alles wat daar mag gebeur, of wat deur My toegelaat gaan word. En Ek neem My elkeen se lot ter harte, **want niemand is vir My te gering of te onryp nie,** Ek sorg veelmeer vir alle mense wat tans op die aarde lewe, omdat Ek hulle wil help tot die uiteindelike voltooiing. Ek wil hulle dus bewaar vir die **lot van die hernieude kluistering in die materie**.

Ek wil bereik dat julle julle gedagtes tot My keer sodat julle die laaste verderf kan ontgaan, naamlik: Om weer opnuut gekluister te word in die skeppings van die nuwe aarde.

En al is My ingryping ook hoe verskriklik vir die mense in die getrefde gebiede, My Liefde tot julle regverdig dit, want geestelik gesien is dit 'n "**daad van redding**" en nie 'n "**daad van verdoeming**" nie.

Wat julle in die wêreld verloor is nietig teenoor die **groot wins wat julle siele** kan behaal. Al moet julle daarby julle lewe verloor, dan kan julle tog reken op My erbarming. Julle verkry dan in die hiernamaals die geleentheid om tot die lig te kom en ten Hoogte te styg.

Want op aarde sou julle met sekerheid 'n prooi vir My teenstander geword het en daarvoor wil Ek julle, wat Ek weet nog vir verandering vatbaar is, bewaar. Maar die tyd tot die einde is nog maar kort en dit sal kom **nie lank na My ingryping nie**.

Ek wil julle egter eers nog 'n teken gee as 'n laaste vermaning en waarskuwing. Die teken is weliswaar 'n baie smartlike ingryping in die lewe van tallose mense, **maar sal die geloof in My woorde versterk**.

En daardeur kan hulle hulself op die einde voorberei wat nie lank daarna sal volg nie. Amein.